

## ***tippet 100***

Tussen jou geboortedatum en sterfdatum gaan daar eendag net 'n kort strepie wees.

Hierdie strepie gaan jou hele lewe verteenwoordig: elke gedagte, jou oortuigings, jou geloof of ongeloof, die verhoudings wat jy met mense gehad het, jou roeping, jou foute én jou suksesse – letterlik alles.

Die strepie kan ons nogal ongemaklik laat voel. Maar dit hoef nie: die rigtingwyser vir ons lewe lê in die antwoord wat ons gee op die vraag: "wat maak jy hier?" 'n Diep oortuiging dat daar 'n rede is vir my bestaan, maak al die verskil.

Hoe is jy besig om hierdie oortuiging te vorm?

Francois Retief

4 Desember 2017